LAERSKOOL CHARLO

AANSOEK OM TOELATING

Amptelike gebruik	Datum Ontvang:	Graad

Aanvaar		Afgekeur		Afwagtend		Onvoldoende Dokumentasie

Aansoek om Graad	**Pre**	**R**	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**	**P**	Maand _____ Jaar_____

LEERDER

Van: _____ Eerste Name: _____

Noemnaam: _____ Geslag: V M

Geboortedatum: _____ I D _____

Huisadres: _____

_____ Poskode: _____

Suid-Afrikaanse Burger: JA NEE Huistaal: _____

VADER

Vader: (Wettige Voog): Titel (Mnr, ens.) _____ I D _____

Van: _____ Voornaam(e): _____

Beroep: _____ Posisie: _____

Besigheid en Adres _____

_____

Huisadres: _____

_____ Poskode: _____

Telefoon: (H) (_____) _____ Telefoon: (W) (_____) _____

Selfoon: _____ Faks: (_____) _____

Epos: _____

MOEDER

Moeder (Wettige Voog): Titel (Mev, ens.) _____ I D _____

Van: _____ Voornaam(e): _____

Beroep: _____ Posisie: _____

Besigheid en Adres _____

_____

Huisadres: _____

_____ Poskode: _____

Telefoon: (H) (_____) _____ Telefoon: (W) (_____) _____

Selfoon: _____ Faks: (_____) _____

Epos: _____

Metode van vervoer na en van skool: _____

Huidige Skool: _____

Adres van Skool _____

Huidige Graad:

Pre	R	1	2	3	4	5	6	7	P

Grade herhaal: _____

Ouers/Broers/Susters by Charlo (Huidiglik of voorheen-name en jaar):_____

_____

Gesondheid: (*Noem alles wat die skool moet weet)* _____

_____

Buitemuurse Program:
Die skool verwag dat die Leerder ten minste in een Somer en een Winter buitemuurse aktiwiteite betrokke sal wees. Dui aan waarin u kind van voorneme is om aan deel te neem.

Sport: _____

_____

Kultuur: _____

_____

Ander Belangstellings:_____

_____

Leierskap:
Noem enige posisie van leierskap/verantwoordelikheid, waar van toepassing, wat die leerder by sy/haar vorige skool beklee het. (Bv Prefek, Kaptein, Media Prefek.)

_____

_____

Ander Inligting:
Indien daar enige ander inligting is wat u graag wil noem, gebruik die spasie.

_____

_____

_____

HUWELIKSTATUS VAN OUERS: _____

Besonderhede van twee naaste familielede / vriende wie gekontak kan word in geval van nood

Naam	Verwantskap	Adres	Telefoon

Bybelonderrig; Bywoning van Saalbyeenkomste:

Het u, as ouer, enige besware teen u kind se deelname aan:

1. Bybelonderrig: JA NEE
2. Saalbyeenkomste: **JA** NEE

(*Dui aan met 'n kruis*)

Indien wel, verduidelik waarom: _____

_____

Ek, as Ouer, onderneem om toe te sien dat my seun/dogter die skool se Gedragskode en Reëls gehoorsaam.

Skoolgelde:

Ek verstaan dat die betaling van skoolgeld verpligtend is en onderneem om dit volgens een van die volgende metodes te betaal:

1. Eenmalig voor einde Februarie ☐
2. Kontant oor 10 maande ☐
3. Deur middel van die debietorderstelsel. ☐
4. Kwartaalliks vooruitbetaalbaar. ☐

(Dui aan met 'n kruis)

Boekgelde, soos vasgestel, is betaalbaar wanneer die aansoek ingehandig word.

Hiermee sertifiseer ek dat die bogenoemde inligting korrek is en ek aanvaar die terme en voorwaardes soos uiteengesit.

Geteken: _____ Vader (Wettige voog)

Geteken: _____ Moeder (Wettige voog)

Datum: _____

HIERDIE AANSOEK SAL SLEGS OORWEEG WORD INDIEN DIE ONDERSTAANDE ITEMS DAARAAN GEHEG IS.

1. Afskrif van die Immunisiëringsertifikaat.
2. Afskrif van die geboortesertifikaat.
3. **Oorplasingsvorm van vorige skool. (*Waar van toepassing*)**
4. Afskrif van die leerder se rapport van die huidige skool. (*Waar van toepassing*)
5. Twee onlangse paspoortfoto's van die leerder.
6. Voltooide Memorandum van Ooreenkoms waarby hierdie aansoek as Aanhangsel A sal dien.
7. Boekgelde soos vasgestel wat nie terugbetaalbaar is nie.

ONS ONDERRIG VANAF 4 JARIGE OUDERDOM TOT GRAAD 7.

BO EN BEHALWE UITSTEKENDE ONDERRIG, BIED ONS MUSIEK, REKENAARS, BUITELUGOPVOEDING EN KUNS, AS DEEL VAN U KIND SE KURRIKULUM AAN.

ALLE ONDERRIG GEBASEER OP CHRISTELIKE BEGINSELS

SPORT / KULTUUR

GHOLF	ATLETIEK	OPERETTES
RUGBY	Mini-Rugby	SENIOR KOOR
NETBAL	Mini-Netbal	JUNIOR KOOR
TENNIS	Mini-Tennis	REDENAARS
HOKKIE	Mini-Hokkie	ENTREPRENEURS
KRIEKET	Mini-Krieket	PADWEDLOPE
SKAAK	Balvaardighede	BUITELUGOPVOEDING
ATLETIEK	JAARLIKSE SPORTTOERE	

ANDER AKTIWITEITE

MODELWERK	REKENAARKLUB
BALLET	INTERNETTOEGANG
MONKEYNASTICS	KINDERKUNS

OUERBETROKKENHEID BY CHARLO

BEHEERLIGGAAM: FINANSIES, BEMARKING, REKENAARSONTWIKKELING, ONDERHOUD VAN GEBOUE, SKAKELING, HANDHAWING VAN HOË AKADEMIESE STANDAARDE

OUER-ONDERWYSER-VERENIGING: KLASVERTEENWOORDIGERS, FONDSINSAMELING, KINDERVERMAAK, KARNAVAL, SPYSENIERING.

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

aangegaan deur en tussen

DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL CHARLO
AAN DIE EEN KANT

en

_____
(volle naam)

_____
(volle naam)

VAN DIE ANDER KANT

AANHEF

Nademaal_____die ouers van _____ (aantal) skoolgaande kind(ers) is; en

Nademaal die ouers aansoek gedoen het om hul ..... kind(ers) as leerlinge by Laerskool Charlo ("die skool") in te skryf soos meer in besonder blyk uit 'n afskrif van hul aansoek hierby aangeheg en gemerk Aanhangsel "A" en welke aansoek 'n integrale deel van hierdie ooreenkoms uitmaak; en

Nademaal die betrokke aansoek suksesvol was synde die kind(ers) ter sprake as leerlinge van die skool aanvaar is:

DERHALWE kom die partye soos volg ooreen:

1. UITLEG

1.1 In hierdie ooreenkoms behalwe in 'n samehang wat daarop dui dat 'n ander betekenis bedoel word,

1.1.1 beteken "die ouers" *mutatis mutandis* die biologiese vader en/of moeder van die kind(ers), of voog of voogde van die kind(ers);

1.1.2 beteken "die kinders" die kind of kinders van die ouers wie as leerlinge by die skool ingeskryf is vir enige gegewe jaar of gedeelte van enige gegewe jaar;

1.1.3 beteken "die skool" Laerskool Charlo;

1.1.4 beteken "jaar" 'n akademiese skooljaar of gedeelte dan wel balans van 'n akademiese skooljaar en wat bereken word vanaf die eerste skooldag van enige gegewe jaar tot die laaste skooldag van enige gegewe jaar;

1.1.5 beteken "die partye" die partye tot hierdie ooreenkoms, en beteken "party" een van hulle;

1.1.6 beteken “skoolgelde” ook die koste van musieklesse, boekgelde, sport en kultuurgelde en ander soortgelyke items soos deur die skool van tyd tot tyd voorgeskryf mag word;

1.1.7 dui uitdrukkings in die enkelvoud ook op die meervoud en omgekeerd; en

1.1.8 sluit voornaamwoorde van enige geslag die ooreenstemmende voornaamwoorde van die ander geslagte in.

1.2 Klousule opskrifte verskyn in hierdie ooreenkoms slegs vir verwysings doeleindes en dit beïnvloed nie die behoorlike uitleg van die inhoud nie.

2. ONDERNEMING DEUR OUERS

Die ouers onderneem gesamentlik en afsonderlik in hul persoonlike hoedanighede om:

(i) Die skool se leuse en missie en wat die ouers erken tot hulle kennis gebring is, te aanvaar en te respekteer;

(ii) Die dissiplinêre reëls van die skool en wat die ouers erken tot hulle kennis gebring is, te aanvaar en te respekteer.

(iii) Die gesag van die Prinsipaal, die Leerkragte en die Prefekte te aanvaar en te respekteer;

(iv) Die kind(ers) onder hulle toesig en beheer en wie as leerlinge by die skool ingeskryf is, in alle skoolaktiwiteite en

buitemuurse bedrywighede aan te moedig en te ondersteun;

(v) Die Prinsipaal van die skool onverwyld skriftelik in kennis te stel as hulle kind(ers) die skool gaan verlaat; en

(vi) Indien die kind(ers) inderdaad die skool gaan verlaat, om dan onverwyld alle eiendom van die skool en wat in hul en/of hul kind(ers) se besit is en met inbegrepe van, maar nie beperk tot handboeke, biblioteekboeke en sporttoerusting onverwyld dan wel op aanvraag aan die skool terug te besorg.

3. VRYWARING

3.1 Die ouers vrywaar en stel skadeloos die Departement van Onderwys, die Beheerliggaam en die personeel van die skool of hul gevolmagte verteenwoordigers ten opsigte van enige besering deur die kind(ers) opgedoen of skade en/of verlies, wat nie veroorsaak is deur die opsetlike en /of growwe nalatige optrede van die personeel of die gevolmagtigde verteenwoordigers van die skool nie, ten opsigte van die eiendom van die kind(ers) en/of die ouers as gevolg van die kind(ers) se deelname aan skoolaktiwiteite soos vermeld in die aanhangsel hiertoe en gemerk Aanhangsel "B" en met inbegrepe van enige besering, verlies of skade, na gelang van die geval, opgedoen wat regstreeks of onregstreeks in verband staan met die kind(ers) se deelname aan die skoolaktiwiteite voormeld.

3.2 Daarbenewens vrywaar die ouers die Departement van Onderwys, die Beheerliggaam en die personeel van die skool of hul gemagtigde verteenwoordigers teen enige eise wat mag voortvloei uit enige handeling of versuim van hul kind(ers) tydens skoolure en/of tydens die kind(ers) se deelname aan die skoolaktiwiteite voormeld.

4. SKOOLGELDE

4.1 Die ouers erken en bevestig dat hulle:

4.1.1 daarvan bewus is dat skoolgelde betaalbaar is ten opsigte van enige en elke afsonderlike akademiese skooljaar dan wel gedeelte van sodanige jaar waarin hulle kind(ers) as leerlinge by die skool ingeskryf is;

4.1.2 gesamentlik en afsonderlik in hulle persoonlike hoedanighede aanspreeklik is teenoor die Bestuursliggaam vir betaling van skoolgelde;

4.1.3 bewus is van die bedrag skoolgelde deur hulle betaalbaar;

4.1.4 bewus is dat die Beheerliggaam van tyd tot tyd die skoolgelde betaalbaar in sy uitsluitlike diskressie mag verhoog sonder vooraf raadpleging of in oorlegpleging met hulle en in welke geval hulle, die ouers, aanspreeklik sal wees om skoolgelde te betaal soos verhoog.

4.2 Die skoolgelde is ter keuse van die ouers as volg deur hulle betaalbaar:

4.2.1 Jaarliks vooruit voor of op die laaste dag van die maand van hul kind(ers) se eerste skooldag by die skool;

4.2.2 Kwartaalliks vooruit voor of op die laaste dag van die maand waarin enige gegewe skoolkwartaal in aanvang neem; of

4.2.3 Maandeliks voor of op die laaste dag van elke maand waarin hul kind(ers) as leerlinge by die skool ingeskryf is met dienverstande dat die jaarlikse skoolgeld oor 'n periode van tien maande bereken vanaf 1 Februarie opbetaal sal wees en, met dienverstande verder, dat die ouers 'n debietorder ten gunste van die Beheerliggaam of die skool onderteken.

4.3 Die ouers word gebonde gehou aan hul keuse van wyse van betaling aangedui deur hulle op hul aansoekvorm, aanhangsel "A" hiertoe.

4.4 Die ouers erken en aanvaar, onderworpe aan sub-paragraaf 4.2.3 hierbo, dat alle skoolgelde deur hulle betaalbaar, betaal sal word by die skoolperseel aan die skoolsekretaresse, die plek en ligging waarvan die ouers erken hulle van bewus is.

4.5 Indien die ouers weens sosio-ekonomiese redes nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, alternatiewelik slegs 'n verminderde bedrag kan betaal tot hul kind(ers) se skoolgelde, mag hulle binne tien dae na ondertekening hiervan op 'n voorgeskrewe vorm by die kantoor van die Prinsipaal aansoek doen vir die algehele of gedeeltelike

opheffing van hul verpligting om skoolgeld te betaal en by ontvangs van welke aansoek die ouers se verpligting om skoolgeld te betaalopgeskort word totdat die Beheerliggaam in sy uitsluitlike diskressie die aansoek oorweeg het en waarna die ouers se aanspreeklikheid vir betaling van die skoolgeld ooreenkomstig dié besluit van die Beheerliggaam betaalbaar is, welke besluit van die Beheerliggaam finaal en bindend is.

5. AFSTANDDOENING

5.1 Geen afstanddoening van enige van die voorwaardes en bepalings van hierdie ooreenkoms sal vir enige doel bindend wees nie tensy skriftelik aangeteken en geteken deur die party wat dit verleen en enige dusdanige afstanddoening sal slegs van krag wees in die spesifieke geval en vir die gegewe doel.

5.2 Geen versuim of uitstel aan die kant van enige party in die uitoefening van enige reg, bevoegdheid of voorreg sal dien as 'n afstanddoening nie, nog sal enige enkele of gedeeltelike uitoefening van enige reg, bevoegdheid of voorreg dien tot uitsluiting van enige ander of verdere uitoefening daarvan of die uitoefening van enige ander reg, bevoegdheid of voorreg nie.

6 SPESIALE VOLMAG

6.1 Die ouers stem hiermee toe dat die Beheerliggaam en/of personeellede of hul gemagtigde verteenwoordiger, in die geval van 'n mediese noodgeval, namens en in hul plek toestemming kan verleen tot enige mediese en of chirugiese behandeling en of prosedure wat benodig mag word ten opsigte van enige besering wat hul kind(ers) mag opdoen tydens skoolure of tydens beoeffening van skoolaktiwiteite soos hierin vermeld, met dienverstande dat, waar praktiese moontlik, die ouers eers vooraf in kennis gestel moet word en die geneesheer van die ouers soos aangedui op hul aansoekvorm en hierby aangeheg, gebruik sal word.

6.2 Die ouers onderneem gesamentlik en afsonderlik om die Beheerliggaam en of personeellede of hul gemagtigde verteenwoordiger op aanvraag te vergoed vir enige en alle in sub-paragraaf 6.1 hierbo geantisipeerde uitgawes op aanvraag te vergoed.

7. VERBREKING

7.1 Indien die ouers in verstek is met betaling van skoolgelde of enige andere bedrae wat in terme hiervan betaalbaar is of word dan:

i) Sal rente bereken teen 'n koers van 26,5% per annum gehef word op alle sodanige bedrae verskuldig vanaf datum wat dit betaalbaar geword het;

ii) In die geval van maandelikse of kwartaallikse betaling van skoolgelde, die geheel van die uitstaande balans onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word;

iii) Regstappe sonder vooraf kennisgewing teen hulle ingestel kan word vir die verhaling van sodanige agterstallige gelde en in welke geval die ouers aanspreeklik sal wees vir alle regskostes en uitgawes bereken op 'n prokureur en eie kliënt basis met in begrepe van invorderings- kommissie soos wat regmatiglik verskuldig word;

iv) 'n Sertifikaat wat voorgee uitgereik te wees deur die Beheerliggaam of laasgenoemde se gemagtigde verteenwoordiger en wat beweer die uitstaande balans verskuldig te sertifiseer, sal aanvaar word as *prima facie* bewys van sodanige verskuldigheid en sal voldoende bewyskrag hê om die Beheerliggaam in staat te stel om aansoek om vonnis by verstek, summiere vonnis of voorlopige vonnis in enige bevoegde hof gesamentlik en afsonderlik teen die ouers te bring vir die bedrag in daardie sertifikaat aangegee en die ouers aanvaar bygevolg die onus om hierdie bedrag te weerlê as synde nie die bedrag wat verskuldig is nie.

8. KENNISGEWINGS EN DOMICILIA

8.1 Die partye kies as hulle *domicilium citandi et executandi* vir die doeleindes van geregtelike stappe die volgende adresse:

DIE BESTUURSLIGGAAM: Laerskool Charlo
Milesweg
Charlo
PORT ELIZABETH

OUERS: _____

_____

_____

_____

8.2 Enige verandering van die partye se *domicilia* sal skriftelik aan die ander party oorgedra word, hetsy per geregistreerde brief, hand afgelewerde brief of faksimile transmissie en van welke datum af sodanige adres sal dien as sodanige party se *domicilium citandi et executandi*.

9. WAARBORG

Die Prinsipaal van die skool waarborg dat hy gemagtig is om hierdie ooreenkoms namens die Beheerliggaam te onderteken.

10. FINALE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms verteenwoordig die geheel van die ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die onderwerpe hierin vervat en geen wysiging van sodanige terme sal van enige krag of effek wees tensy dit op skrif gestel word en deur al die partye hiertoe onderteken word nie.

GEDATEER TE PORT ELIZABETH hierdie ..... dag van ..... 20 _____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____ _____
PRINSIPAAL

GEDATEER TE PORT ELIZABETH hierdie ..... dag van ..... 20 _____

AS GETUIES:

1. _____ _____
VADER/VOOG

2. _____ _____
MOEDER/VOOG